# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings:**

   **ROMAN: Afdeling A [35]**

   **Afdeling B [35]**

3. **Beantwoord AL die vrae oor die roman, *Lien se lankstaanskoene*, wat julle bestudeer het.**

4. **Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

**STERKTE!!**

**ROMAN**

**Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.**

***LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** **(Derick van der Walt)**

**AFDELING A**

**VRAAG 1**

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS A**

"Aag, skryf dit af as *experience*," probeer Wouter troos toe hulle terugstap en sy vertel van Malie Dry se humeur en die geld wat sy onregverdiglik verloor het. R36,38 is die somtotaal van haar middag se arbeid.

"R36,38 is nou nie juis wat 'n mens 'n fortuin sal noem nie. Dit gaan nie 'n vreeslike gat toemaak nie, wat nog te sê 'n vliegtuigkaartjie koop," sê Lien teleurgesteld.

"*Relax*, man. Môre sal dit beter gaan, jy sal sien," paai Wouter.

Hulle groet by die telefoonhokkie en Lien hou hom 'n rukkie dop terwyl hy die bult opsukkel met die tamaai krieketsak in die een hand en sy rugsak oor die ander skouer. Sy ma kom hom gewoonlik by die krieket oplaai, maar vandag stap hy om haar onthalwe, weet Lien. Haar lang pel met die deurmekaar hare. Haar beste pel, eintlik haar enigste pel. Haar *brother in arms*.

Dit voel asof sy hom haar hele lewe lank ken, al is dit net 'n jaar en 'n paar maande sedert hulle daardie eerste môre saam hulle eerste tree by Jakaranda gegee het. Toe hulle vir mekaar sit en kyk het in die skool se ontvangslokaal terwyl hulle ma's vorms ingevul het. Kan dit al meer as 'n jaar gelede wees?

Lien onthou sy was suur. Suur vir haar ma, suur vir die skool, suur vir haarself, suur vir die lewe. Sy wou nie hier wees nie. Sy het verveeld na die geraamde foto's teen die mure gekyk, glimlaggende presteerders in hulle lelike vaalgroen kleurbaadjies. 'n Ererol met die name van vorige hoofleiers, sporthelde, die uitverkorenes. Wouter het vir haar gesit en kyk. Sy wou haar eers pluk, maar toe herken sy die uitdrukking in sy oë. Hy wou ook nie hier wees nie. Hulle het 'n rukkie vir mekaar gesit en kyk. En dit was die begin van hulle paadjie saam.

**1.1.1 Kies die korrekte woord en skryf dit neer.**

**Die mense in Braam se gunsteling video in die Voorspel is (gelukkig/bang/ ongelukkig/depressief).** **(1)**

**1.1.2 Wat het gebeur dat die mense nie meer só voel nie? Gee TWEE feite.** **(2)**

**1.2 Hoe hanteer die volgende mense die hartseer en tragedie in hulle lewe? Verduidelik wat elkeen doen.**

**1.2.1 Lien** **(1)**

**1.2.2 Braam** **(1)**

**1.2.3 Christien** **(1)**

**1.3 Hoekom was dit so belangrik dat Lien werk kry en geld inbring? Gee TWEE redes.** **(2)**

**1.4 Gee die naam van die plek waar Lien eerste werk gekry het.** **(1)**

**1.5.1 Was Lien gelukkig by haar werkplek? Ja/Nee?**

**1.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.** **(1)**

**1.6 Juffrou Breytenbach het Lien teruggeroep en met haar gepraat.**

**1.6.1 Wat het die juffrou vir Lien gesê?** **(1)**

**1.6.2 Hoe het hierdie "gesprek" Lien laat voel?** **(1)**

**1.7 Voltooi die volgende paragraaf. Kies die woorde uit die woordblok. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **kraamverlof** | **fietswinkel** | **vakansie** | **gemors** | **vuilgoed** | **haarsalon** |
| **hare** | **tydelik** | **permanent** | **opvee** | **los** | |

**Millenium Creations is 'n 1.7.1___ waar Lien die 1.7.2___ op die vloer moes 1.7.3___. Haar werk was net 1.7.4___, want Sue-Ellen gaan weer terugkom na haar 1.7.5___.** **(5)**

**1.8 Hoekom was Lien so kwaad vir Wouter?** **(1)**

**[18]**

## EN

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS B**

Wouter vra weer oor die afskeid toe hulle hek toe loop. Sy weet sy moet besluit.
"Oukei, as ek iewers iets kan uitkrap om aan te trek. Maar niks van *after parties* en sulke goed saam met hierdie spul nie."
Hy glimlag ingenome. "Jy sal nie spyt wees nie. *I promise you a night to remember*!"
Sy wil eers vra oor hulle beplande "*alternative look*", maar in haar hart weet sy Wouter sal nie regtig sy naam ruk met 'n *zooty outfit* en 'n *weird perm* nie.
Die wit Mazda staan skeef op die sypaadjie voor die skoolhek. Die regtervoordeur staan oop. Sy herken die verspotte poppie van kraletjies wat aan die truspieëltjie hang. Iets wil nie werk nie. Dit maak nie sin nie, sê haar brein.Dit kan nie húlle kar wees wat dié tyd van die dag so skeef op die sypaadjie met 'n oop deur voor dié skool staan nie.
Haar mond word droog en kry 'n snaakse smaak.
Haar ma leun met haar een arm onvas teen die hekpaal. Sy sukkel om nie om te val nie. haar gesig is bloedrooi en haar oë is vaag. Sy glimlag soos 'n skaap. "Julle kom haal ..." sleeptong sy.
Lien voel yskoud.
Wouter hou kop. "Kom ek help Tannie om in te klim." Hy vat haar ma ferm aan die arm en help haar agter in die Mazda in.
Groepies kinders staan geskok na die petalje en kyk. Lien sien Sally Swanepoel met haar kort rokkie teen die skool se heining leun.

**1.9.1 Na watter "afskeid" het Wouter vir Lien gevra? (1)**

**1.9.2 Gee een rede waarom Lien nie regtig wil gaan nie. (1)**

**1.10 Gee die naam van die stuk wat juffrou Breytenbach vir haar klas gelees het. (1)**

**1.11 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **1.11.1 Die rol wat Lien gekry het.** | **A. R30 000** |
| **1.11.2 Braam soek 'n borg.** | **B. Maria** |
| **1.11.3 Plek waar Miemie vir Lien genooi het om haar 18de verjaardag te vier.** | **C. R10 000** |
| **1.11.4 Totaal wat Lien benodig om na Engeland toe te gaan.** | **D. Die Wimpy** |
| | **E. Millenuim Creations stem in** |

**(4)**

**1.12 Noem EEN van Lien se take by Millenium Creations. (1)**

**1.13.1 Noem TWEE items wat Lien uit die rekwisiete kamer geleen het. (2)**

**1.13.2 Vul die ontbrekende woorde in die volgende sin in. Skryf net die letter en die antwoord neer.**

**Lien het die twee items geleen om haarself mee te (a)___ wanneer sy (b)___. (2)**

**1.14 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die nommer en die letter neer.**

**Lien se ma was ___ toe sy by die skool opgedaag het.**

**A. doodgelukkig**
**B. smoordronk**
**C. doodsiek**
**D. smoorverlief** **(1)**

**1.15 Beskryf Lien se gevoelens toe sy besef het dis haar ma en sy is geel en gelukkig.** **(1)**

**1.16 Hoekom was dit vir Lien 'n probleem dat Sally Swanepoel gesien het wat gebeur het?** **(1)**

**1.17 Die volgende dag het Lien en Sally 'n brug oorgesteek en baie dinge agtergelaat.**

**1.17.1 Wat vertel Sally vir Lien omtrent haar pa?** **(1)**

**1.17.2 Watter belangrike stelling maak Sally wat Lien beter laat voel oor die situasie?** **(1)**

**[17]**

**TOTAAL AFDELING A: 35 PUNTE**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS C**

Sy stap ingedagte hysbak toe nadat Joe haar voor die woonstel afgelaai het.
Haar ma sit met die oorfone en 'n koffiebeker op die sitkamermat. Sy skud haar kop heen en weer op maat van die musiek. Haar oë is toe en haar gesig is effens rooi.
'n Yskoue hand klou aan Lien se hart. Sy bly by die deur staan en hou haar ma dop. Haar ma se oë is toe. Lien stap stadig nader, haar oë vasgenael op die koffiebeker. Dan ruik sy dit. Dis DIT!
Haar ma maak haar oë oop en lyk vir 'n paar oomblikke uit die veld geslaan. Sy probeer die koffiebeker skuldig langs die bank indruk. Lien roer nie.
"Dis net 'n ou wyntjie," giggel haar ma. "Net enetjie ... want ek werk nie meer by die Departement van Binnelandse Sake nie!" Die laaste deel van haar sin sing sy.
"Nou maar laat ons 'n glasie klink," sê Lien, wat wil gil en skree en huil. Sy stap vinnig kombuis toe en pluk die yskas oop. Niks. Sy ruk aan die kombuiskaste. Niks. Sy begin weer by die yskas en toe weer die kruidenierskas. Agter die Post Toastie-boks staan die doos.
"Welkom terug," sê Lien hardop terwyl sy die doos uit die kas pluk. Sy gryp die grootste koeldrankglas uit die kas en skink dit vol wyn. Sy gaan sit op die bank en lig die glas in haar ma se rigting.
"*Cheers*. Op Binnelande Sake."
"Moenie ..." probeer haar ma.
Lien proe aan die suur, warm wyn en besef sy gaan dit moeilik in haar lyf kry. Sy druk haar neus toe en sluk alles in 'n paar slukke weg. Toe dit in is, moet sy hardloop om by die toilet te kom.
Nadat haar maag dolleeg is, bly sy met haar kop op haar arms op die toiletbak lê.

*In a boat that's built of sticks and hay*
*We drifted from the shore*
*With a captain who's too proud to say*
*That he dropped the oar*

verduidelik Norah Jones.

**2.1 Waarheen het Lien se ma vir hulp met haar probleem gegaan? (1)**

**2.2.1 Wat was Christien se verskoning waarom sy weer begin drink het? (1)**

**2.2.2 Watter gevolg het hierdie nuus vir Lien, Braam en Ma gehad? (1)**

**2.2.3 Ma het iets uit desperaatheid gedoen wat haar in groot moeilikheid laat beland het. Wat het Ma gedoen? (1)**

**2.2.4 Hoe het Kuifie vir Ma gehelp? (1)**

2.3 In elke roman is daar gebeure en gevolge. Pas nou die gebeure in KOLOM A by die gevolge in KOLOM B. Skryf net die nommer (2.3.1-2.3.4) by die letter (A-E).

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.3.1 Ma verloor haar werk. | A. Hy verloor albei sy bene |
| 2.3.2 Lien moet tyd by die skool afvat. | B. Dit kos haar R2 800 |
| 2.3.3 Tibbey is in 'n groot ongeluk. | C. Daar is nie meer 'n inkomste nie |
| 2.3.4 Hein gee vir Lien 'n kwotasie. | D. Ma gaan tronk toe |
| | E. Lien mis baie skoolwerk |

(4)

2.4 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.

Lien was baie (bly/geskok/verras) toe sy besef Tibbey was in 'n ongeluk. (1)

2.5 Beskryf hoe Tibby se ongeluk gebeur het. (2)

2.6.1 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die nommer en die letter neer.

___ het ekstra stres in Lien se lewe veroorsaak net ná Tibbey se ongeluk.

A. Kuifie
B. Gordon
C. Braam
D. Wouter (1)

2.6.2 Verduidelik hoe hierdie persoon ekstra stres in Lien se lewe veroorsaak het. (2)

2.7 Wat het Lien vir Hein gevra om vir haar (Tibbey) te maak? (1)

2.8 Hoekom het Lien vir James van Biljon gaan sien? (1)

2.9 Wat moet Tibbey doen om weer sy ou kamer terug te kry? (1)

[18]

**EN**

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS D**

Lien kyk lank na haar gegrimeerde gesig in die aantrekkamer se spieël. Sy en juffrou Breytenbach het saamgestem dat Maria bleek moet wees, met donker kringe onder haar oë, nie veel meer nie.
Sy probeer die geskarrel om haar ignoreer. Almal praat gelyk en kledingstukke vlieg die wêreld vol. Die vertrek ruik na grimering. Juffrou Breytenbach loer kort-kort by die vertrek in en sê elke keer presies dieselfde: "Julle moet wikkel. Daar is niks so onprofessioneels soos 'n toneelgeselskap wat nie betyds kan begin nie." Dan woerts sy weer by die deur uit.
Riekie rol haar oë. "Ek gaan paap as sy dit wéér sê," sê sy terwyl sy lipstiffie aan haar lippe smeer.
Lien voel, anders as wat sy verwag het, nie regtig op haar senuwees nie, net vreemd rustig, so asof sy is waar sy moet wees en niks of niemand die vloei van dié rivier kan stuit nie. Sy stap tot op die verhoog waar die dekorbouers nog vir oulaas van die rekwisiete rondskuif. Sy staan stil en trek die hemelse verhoogreuk diep in haar longe in, die reuk van die ligte, vars verf en die vreemde stowwerigheid.
Sy loer deur die skrefie van die wynrooi gordyne.
Hein het vir Tibbey tot langs Roos en haar *peroxide*-dogter gestoot. Hulle sit in die tweede ry van voor af. Sy blou kar staan die hele paadjie vol en die eregaste moet by hom verbyskuur om by hulle plekke te kom.

**2.10 Hoe het dit gebeur dat Roos 'n bedelaar en haar dogter 'n prostituut geword het? (2)**

**2.11 Vul die ontbrekende woorde in die volgende paragraaf in. Gebruik die woordblok hier onder om jou te help. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Suster** | **afwesige** | **agressiewe** | **vriend** | **Wouter** | **Miemie** |
| **Johnny** | **afgeskryf** | **vergewe** | **groei** | **verloor** | |

**Ons kan sê dat Lien 'n baie goeie 2.11.1___ vir Tibbey was, want sy het hom gehelp om sy lewe terug te kry. Lien en 2.11.2 ___ se lewens het baie ooreengestem, want hulle het albei 2.11.3___ ouers. Lien het albei haar ouers aan die einde 2.11.4___ en dit het Lien gehelp om te 2.11.5___. (5)**

**2.12 Wat was Christien se rede waarom sy ophou klavier speel het? (1)**

**2.13 Ons weet Lien het haar ma tydens haar besoek vergewe, want sy sê iets spesifieks vir haar ma en gee vir haar iets.**

**2.13.1 Wat het Lien vir haar ma gesê? (1)**

**2.13.2 Wat het Lien vir haar ma gegee? (1)**

**2.14 Waar het Lien vir Pa besoek? (1)**

**2.15 Hoekom is Pa se vraag aan Lien: "Gaan dit goed met julle, my kind?", ironies? (1)**

**2.16 Hoekom, sê Pa, het hy al daardie geld gesteel? (1)**

**2.17 Wat doen Lien tydens die besoek aan Pa wat bewys dat sy Pa vergewe het? (1)**

**2.18 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit.**

**Lien het toe aan die einde van die roman, regte gaan studeer.** **(1)**

**2.19 Wie het in die heel laaste video van die roman, sy arm om Lien se skouers gehad?**

**Gee sy naam.** **(1)**

**2.20 Voltooi die sin deur die korrekte woord in te vul. Skryf net die nommer en die woord neer.**

**Aan die einde van die roman, is die Joostes weer 'n ___ gesin.** **(1)**

**[17]**

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING B:** | **35 PUNTE** |
| **SOMTOTAAL:** | **70 PUNTE** |







